# Hoe lyk ons geloofslewe?



Deel 5



**2022-10-16**

**AGS Rayton**
**Past Gustav van Aardt**

# Wat is geloof

**Heb 11:1** Die geloof dan is ‘n vaste vertroue op die dinge wat ons hoop, ‘n bewys van die dinge wat ons nie sien nie.

Glo ons nog in God?

Sal ons beweeg as Hy beveel?

Hy is ‘n bonatuurlike God

Leef ons deur geloof?

Wat jy glo gebeur met jou

Jou lewe is soos jy glo

(Laat dit wees volgens jou geloof)

Heb 11:2
Want daardeur het die mense van die ou tyd getuienis ontvang.

Maar julle, geliefdes, **moet julleself opbou in jul allerheiligste geloof** en in die Heilige Gees bid. Jud 1:20

# Vorige dele

## Hoekom het ons geloof nodig?

1. Sodat jy toetse kan slaag as jy op die proef gestel word.
2. Geloof bring redding en genesing
3. Geloof bring oorwinning
4. Geloof help jou om te verstaan
5. Geloof stel jou instaat om te offer aan God
6. Geloof dra by tot jou verhouding met God
7. Geregverdig deur geloof
8. Geloof is nodig vir gebed
9. Dit het ‘n invloed op ander om ons

# Deel 5

# Hoekom het ons geloof nodig (vervolg)?





# Hoekom het ons geloof nodig?

## 10. Jy ontvang krag

- **Die vrugte van Sara se geloof is dat sy krag ontvang het.**
- **Ontvang die kind wat beloof is.**
- **Baie ander belangrike leiers word verder gebore, en uiteindelik die Messias.**

Heb 11:11 Deur die geloof het Sara self ook **krag** ontvang om bevrug te word; en toe sy oor die leeftyd was, het sy gebaar, omdat sy Hom getrou geag het **wat dit beloof het**. 12 Daarom is daar ook gebore uit een vader, en dit 'n verstorwene, kinders soos sterre van die hemel in menigte en soos die sand aan die strand van die see, wat ontelbaar is.

## Hoekom het ons geloof nodig?

# 11. Visie om vorentoe te gaan

Heb 11:13 In die geloof het hulle almal gesterwe sonder om die beloftes te verkry, maar hulle het dit uit die verte gesien en geglo en begroet, en het bely dat hulle vreemdelinge en bywoners op aarde was. 14 Want die wat sulke dinge sê, verklaar dat hulle ‘n vaderland soek. 15 En as hulle bly dink het aan dié vaderland waaruit hulle weggetrek het, sou hulle geleentheid gehad het om terug te keer.
16 Maar nou verlang hulle na ‘n beter een, dit is ‘n hemelse. Daarom skaam God Hom nie vir hulle om hulle God genoem te word nie, want Hy het vir hulle ‘n stad berei.

# Hoekom het ons geloof nodig?

# 11. Visie om vorentoe te gaan

Heb 11:13 In die geloof het hulle almal gesterwe sonder om die beloftes te verkry, **maar hulle het dit uit die verte gesien en geglo en begroet,** en het bely dat hulle vreemdelinge en bywoners op aarde was.

- **Geloof laat jou beloftes sien wat wag**
- **Begroet dit**
- **Geloof het duidelike en 'n sterk oog**
- **Geloof het 'n lang arm om seëninge en beloftes te begroet**
- **Jy is nie bang om te bely ons is vreemdelinge hier op aarde nie.**

# Hoekom het ons geloof nodig?

## 11. Visie om vorentoe toe gaan

14 Want die wat sulke dinge sê, verklaar dat hulle ‘n vaderland soek.

- **Ons moet deur geloof bely en verklaar**
- **Praat God se beloftes**
- **Jy soek daarna**

Hoekom het ons geloof nodig?

# 11. Visie om vorentoe toe gaan

15 En as hulle bly dink het aan dié vaderland waaruit hulle weggetrek het, sou hulle geleentheid gehad het om terug te keer.
16 Maar nou verlang hulle na ‘n beter een, dit is ‘n hemelse. Daarom skaam God Hom nie vir hulle om hulle God genoem te word nie, want Hy het vir hulle ‘n stad berei.

- **Geloof kyk vorentoe – nie agtertoe nie.**
- **Jy verlang na wat wag**
- **Dink eerder hemelse en geestelike dinge.**
- **God is nie skaam om vir ons God te wees nie (te midde van ons sonde en swakhede)**
- **Isak seën ook vir Jakob en Esau met die oog op die toekoms. Ook Jakob seën Josef se seuns.**

# 12. Geloof hou jou gefokus

Heb 11:22 Deur die geloof het Josef aan die einde van sy lewe melding gemaak van die uittog van die kinders van Israel en bevel gegee aangaande sy gebeente.

- **Josef gee die belofte dat God Israel uit Egipte sal lei. (Gen 50:24)**
- **Waarskuwing dat hulle dalk nie te gemaklik moes raak in Egipte nie.**
- **Gaan eendag die gerief van Egipte moet agterlaat.**

# Hoekom het ons geloof nodig?

# 13. Maak jou vreesloos en vry

Heb 11:23 Deur die **geloof** is Moses ná sy geboorte deur sy ouers drie maande lank weggesteek, omdat hulle gesien het dat die seuntjie mooi was; en hulle het nie die gebod van die koning gevrees nie. 24 Deur die **geloof** het Moses, toe hy grootgeword het, geweier om die seun van Farao se dogter genoem te word, 25 omdat hy verkies het om liewer sleg behandel te word saam met die volk van God as om 'n tyd lank die genot van die sonde te hê, 26 en die smaad van Christus groter rykdom geag het as die skatte van Egipte, want hy het uitgesien na die beloning. 27 Deur die **geloof** het hy Egipte verlaat sonder om die toorn van die koning te vrees, **want hy het volgehou soos een wat die Onsienlike sien**. 28 Deur die **geloof** het hy die pasga gehou en die besprenkeling van die bloed, sodat die verderwer hulle eersgeborenes nie sou aanraak nie. 29 Deur die **geloof** het hulle die Rooi See deurgegaan soos oor droë grond, terwyl die Egiptenaars, toe hulle dit probeer, verdrink het.

Hoekom het ons geloof nodig?

# 14. Geloof lei tot wonderwerke

Heb 11:29 Deur die **geloof** het hulle die Rooi See deurgegaan soos oor droë grond, terwyl die Egiptenaars, toe hulle dit probeer, verdrink het.

- **Gaan deur jou rooi see asof dit droë grond is**
- **Geen probleem of gevaar is te groot nie**
- **Die vyand word ook in die proses vernietig**
- **Jerigo se mure in jou lewe sal val**

Heb 11:30 Deur die **geloof** het die mure van Jérigo geval nadat daar sewe dae lank omheen getrek was.

